Teksgedeelte: 2 Samuel 7

Teksvers: 2 Samuel 7:29

Tema: God se seën – geleef en beleef!

"Mag die Here jou seën!"....dit is `n gesegde waaraan ons al baie gewoond geraak het. Ons sê dit vir mekaar op verjaarsdae, op troues en op bykans elke besonderse gebeurtenis. Ons hoor dit ook elke Sondag. Aan die begin en die einde van die erediens ontvang ons die seën van die Here. Die vraag wat min van ons egter ooit vra is wat die seën van die Here werklik is? Voordat ons die seën van die Here wil kan beleef, moet ons tog eerstens weet wat die seën van die Here is!

Dawid leer ons iets besonders oor die seën van die Here. In die gedeelte waarna ons so pas geluister het, hoor ons dat Dawid hierdie besonderse begeerte het om vir die Here `n huis te bou. Hy deel hierdie begeerte met die profeet Natan en aanvanklik sê Natan vir Dawid dat hy kan doen wat hy wil, want die Here is by hom.

Natan kry dan egter `n boodskap om aan Dawid te gaan gee – hy, wat Dawid is, gaan nie vir die Here `n huis bou nie, maar iemand uit sy nageslag sal vir altyd op die troon van Israel sit! Juis hierin leer ons reeds die eerste aspek oor wat die seën van die Here is. **Die seën van die Here is nie my wil nie, maar Sy wil!** Ons wil baie keer die seën van die Here beleef, maar wanneer dinge nie gebeur soos ek dit wil hê nie, voel dit vir my dat die Here my nie seën nie.

Maar luister bietjie hoe Dawid opgetree het toe hy hierdie boodskap van die Here ontvang het: Hy loof die Here! Hy prys die Here vir die wonderlike belofte wat God aan hom gemaak het, naamlik dat daar iemand uit sy nageslag vir ewig op Israel se troon sal sit.

Hierin leer ons wat die seën van die Here is: Die seën van die Here is die vervulling van Sy beloftes! Dit is waarin die seën van die Here beleef moet word! Die seën van die Here rus nie daarin dat dit met my goed sal gaan nie, maar dat die beloftes van die Here sy volle uitwerking in my lewe sal kry! Per slot van rekening gaan die seën van die Here oor iets groter as ek en my eie behoeftes.

Hoor hoe stel Dawid dit: **"En nou, Here God, bevestig tog vir altyd wat U oor u dienaar en sy nageslag gesê het. Doen tog soos U belowe het, sodat u Naam vir altyd groot kan wees as daar gesê word: 'Die Here, die Almagtige, is God van Israel.'...En nou, Here, U is God. U woorde sal bewaarheid word. Begin tog nou en seën die huis van u dienaar om vir altyd in u diens te wees! Here my God, U het gepraat en omdat U seën, is die koningshuis van u dienaar vir altyd geseën.".**

Die seën van die Here is dus nie dat dit met my goed sal gaan nie, maar dat die Naam van die Here deur my lewe groot gemaak sal word! Die seën van die Here is dus nie iets wat ek net beleef nie, maar dit is iets wat ek leef. Die seën van die Here

is om in gehoorsaamheid te lewe soos Hy wil hê ek moet lewe. Juis op hierdie manier is ek dan weer tot `n seën vir ander mense, omdat die mense deur my lewe in aanraking kom met die lewende God.

Die seën van die Here is aan die ander kant nie iets wat ek net leef nie, maar wel ook iets wat ek beleef. God het aan Dawid `n besonderse belofte gemaak, naamlik dat daar vir altyd iemand op die troon van Israel sal wees. Die Jode het aan Israel gedink as die land waarin hulle woon, maar Israel is egter die volk van God. Wanneer God van Israel praat, dan verwys Hy elke keer na die volk wat Hy vir Hom uitgekies het – die mense wat deur die geloof in Jesus Christus in `n verhouding met Hom staan.

Juis op hierdie manier kan ons vandag hierdie besonderse belofte van God aan Dawid beleef – daar is `n Koning wat op die troon van Israel sit wat vandag nog regeer! Jesus Christus is ons Koning en omdat ons glo is ons deel van die volk van God. Juis op hierdie manier beleef ons die seën van die Here. Hy het hierdie belofte gemaak en vandag nog is hierdie belofte vervul deurdat Jesus Christus regeer.

Só leef en beleef ons elke dag die seën van die Here – ook op Sondae wanneer ons as gemeente bymekaar kom. Elke erediens begin en eindig met die seën wat die Here vir ons, sy volk gee. En elke keer, wanneer ons die seën van die Here ontvang, kom die seën na ons toe met veral twee woorde wat duidelik uitstaan: “genade” en “vrede”. Elke keer wat die Here ons seën, seën Hy ons met sy genade en vrede.

Hy seën ons met genade om ons só te wys op die ontsettende, gelooflike genade wat ons ontvang het deurdat ons Hom as Vader kan ken en ontmoet. Geen mens, uit sy eie, kan voor God bly staan en in sy teenwoordigheid wees nie. Ons is eenvoudig net té gebroke, té sondig om dit te doen. Tog, deur Jesus Christus kan ons, sonder om iets van ons kant af te doen, op `n besonderse manier in die teenwoordigheid van God ingaan in `n erediens. Daarom dat dit werklik genade is om in `n erediens te wees en daarom seën God ons met genade!

Maar God seën ons ook met vrede, want deur die verlossing wat Jesus Christus vir ons bewerk het en deur die geloof wat die Heilige Gees vir ons gee, staan ons in vrede met God. Ons beleef besonderse harmonie met God en daarom dat God ons ook seën met vrede wanneer ons só, as gemeente, saamkom. Dit is juis in `n erediens wat die genade van die Here en die vrede, wat ons met Hom beleef, duidelik word en realiteit word. Daarom dat God ons só seën wanneer ons Hom ontmoet.

Maar God seën ons ook wanneer ons uitgaan in die erediens van die lewe. Ons ontvang ook die seën van die Here, want dit is net onder die seën van die Here wat ons elke dag tot die eer van sy Naam kan lewe en dit is alleen wanneer Hy ons seën wat ons werklik in sy diens kan staan. Dit is alleen wanneer God ons seën, wat ons ook tot `n seën vir ander kan wees, want ons ontvang nie net die seën van die Here nie, ons moet dit ook uitdeel – ons moet tot `n seën vir ander wees.

Die Here gaan ons vanoggend seën met hierdie woorde: “Die Here sal julle seën en beskerm, die Here sal tot julle redding verskyn en genadig wees, die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee.” Hoe gaan jy in hierdie week seën van die Here uitleef teenoor ander mense?

Hoe gaan jy die mense rondom jou wys op die beskerming, redding en genade van die Here?

Hoe gaan jy die seën van die Here leef deur mense te wys op die feit dat God jou gebede verhoor en aan jou vrede gee?

Daar is soveel baie praktiese maniere waarop jy tot seën vir ander kan wees; nie net deur fisies iets vir iemand te gee, maar bloot deur saam met iemand koffie te gaan drink en te praat oor dit wat God in jou lewe doen. Deur nie net vir iemand te sê dat jy vir hom of haar sal bid nie, maar om daar, op die plek, vir daardie persoon te bid, wys julle op die seën van die Here wat gebede hoor en is jy ook tot seën vir daardie persoon.

Geliefdes, God se seën wys op die waar-maak van sy beloftes. Dit wys daarop dat ons Hom in `n erediens mag ontmoet en dat ons elke dag in sy diens mag staan.  Die seën van God wys ons op die gelooflike genade en vrede wat daar vir ons in Jesus Christus deur die werk van die Heilige Gees is.  Mag jy elke dag die seën van die Here leef en beleef en mag jy ook tot `n seën vir ander wees!

Amen